

## Die Rots waarop jy jou lewe moet bou

Ons almal aanvaar die feit dat Jesus Christus die Rots is op wie ons ons geloof moet bou om eendag die ewige lewe te beërwe, maar is Hy die rots op wie ons ons huidige lewe moet bou? Gewoonlik word Jesus voorgehou as die antwoord op al die mensdom se probleme, Hy moet net "aangeneem" word. Dikwels tree daar ontnugtering in omdat daar nadat Hy aangeneem is, geen merkbare verandering ten opsigte van die probleme plaasvind nie. Is dit nie omdat die volle waarheid van wat Jesus gesê het, nie genoeg beklemtoon word nie? Kyk wat het Hy gesê:

*"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het ( Mat 7:24-26, my beklemtoning).*

Die huis wat in hierdie gelykenis gebou word moet 'n verwysing na die huidige lewe hier op aarde wees, want in die hemel gaan daar nie storms en vloede ervaar word nie. Vir ons huis om die storms van die lewe te weerstaan moet die fondament, volgens Jesus, **die doen** van Sy woorde wees! In die konteks van **Matt.5,6** en **7** verwys die woorde wat gedoen moet word spesifiek na Jesus se leringe wat as die Bergpredikasie bekend staan. Wanneer lees het u dit gelees?

### Slotsom

Die afleiding wat ons kan maak is dat dit nie net die hoor van die Woord is wat 'n verandering in hierdie lewe te weeg bring nie, maar dat dit die **doen** daarvan is. Baie dinge wat ons ongelukkig maak, veral op die gebied van verhoudinge, word veroorsaak omdat ons dikwels nie gehoorsaam is aan wat in die Woord staan nie. Hoe anders sou dinge byvoorbeeld nie gewees het as die woorde in **Rom.12:9-21** meer dikwels toegepas word nie!

*"... verafsku wat sleg is... wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning...streef na gasvryheid...seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie... ween met die wat ween; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie... maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie..." (Rom.12:9-21).*

Om te kan doen wat God van ons verwag moet ons daagliks bid vir die krag van die salwing van die Heilige Gees (**Hand.1:8**).

**Nick Maartens, 0827826074, Jeffreysbaai, nickmaartens@hotmail.com.**